# Besprekings en Diskussie

I.

*Ds. A, J. Smuts, Die Tweede Sleutel, Riglyne vir die Kerklike Tug. Verkrygbaar by die N.G. Kerk-Boekhandel, Pretoria.*

Heel tereg skryf prof. A. B. du Preez in sy voorwoord tot die boekie: „Ds. A. J. Smuts skryf oor hierdie saak met soveel tere simpatie dat elkeen kan aanvoel dat hy diep bewoë is oor die ,broeder wat sondig,' wat ter wille van die Koning van die Kerk nie aan sy lot mag oorgelaat word nie . . . Hierdie werkie voorsien beslis in 'n dringende behoefte. Daar is in ons dae by vele die besef dat die kerklike dissipline beter tot sy reg moet kom om ons te vrywaar van die gevare van 'n verwaterde volkskerk, maar hulle beskik nie altyd oor genoegsame kennis in hierdie verband nie. Hier het ons nou in kort en bevatlike vorm die noodsaaklikste beginsels sistematies uiteengesit. Dit is 'n ware kortbegrip van die kerklike tug vir die Protestantse kerke. Ons kerkraadslede kan hulle verryk en hulle bekwaamheid verhoog deur goed gebruik te maak van hierdie werkie.

Hierdie kort verhandeling maak nie aanspraak op volledigheid of oorspronklikheid nie. Maar die skrywer het hom sodanig ingewerk in die standaardwerke oor die Gereformeerde Kerkreg uit die pen van vakmanne soos F. L. Rutgers, H. Bouwman en Joh. Jansen, wat almal voortbou op die suiwere insigte van 'n Gysbertus Voetius — dat hy spontaan en met eie oortuiging kan praat oor die beginsels waaroor dit hier gaan. En dit is eintlik wat ons nodig het." Aldus prof. du Preez.

Met hierdie waardering sal alle Gereformeerde lesers saamstem.

Tog moet opgemerk word dat die werkie dit nie alleen aan uitgebreidheid sou gewin het nie maar ook aan waarde indien ds. Smuts ook die tugoefening oor ampsdraers behandel het. Dit maak immers 'n uiters belangrike maar tog eiesoortige deel van die kerklike tug uit waarvan nie alleen predikante nie, maar minstens ook ouderlinge en diakens kennis behoort te dra. Dit is dan ook slegs by hierdie deel van kerklike tughandeling waarby die diakens saam met die predikant en ouderlinge optree en nie by tughandeling oor lidmate nie, soos deur hom op bladsy 52 en 53 voorgestaan word. Vir die optrede van diakens by tughandeling oor lidmate kan alleen gepleit word waar 'n kerkraad uit 'n klein getal bestaan. Artikel 38 D.K.

Die tug oor dooplidmate word nie enduit so suiwer gesien en gestel nie. Bladsy 36-38. Dit moet dieselfde wees as dié oor belydende lidmate behalwe dat daar nie sprake van afhouding van die gebruik van die sakramente kan wees wat dooplidmate betref nie.

Die onderskeiding tussen lidmate wat reeds kragtens hulle geboorte én belydenis van geloof aan die plaaslike kerk behoort en lidmate wat as intrekkers daarby kom aansluit, word nie duidelik gestel

nie. Ook die verskil tussen aansluiting by die plaaslike kerk deur inlewering van lidmaatskapsertifikaat en dié deur inlewering van attestasie kom nie duidelik uit nie. Tereg word deur die skrywer in hierdie verband die kollegialistiese kerkbeskouing afgewys. Hy kon ook daarop gewys het dat ook *kerkrade* soms by wanpraktyke betrokke is saam met „lidmate" wat intrek en somaar sonder meer „deelneem aan die kerklike lewe, die voorregte verbonde aan lidmaatskap geniet, die sakrament gebruik en soms selfs op kerkrade dien, sonder dat hulle in werklikheid ooit by die plaaslike gemeente aangesluit het." Bladsye 32-33.

Vermelding van rede(s) waarom 'n lidmaat hom aan die kerk onttrek het behoort in enige geval by die afkondiging nagelaat te word. Bladsy 35. Iemand wat sonder formele kennisgewing aan die kerkraad deur woord en daad toon dat hy sy gemeenskap met die kerk verbreek, bv. deur hom te laat doop by 'n sekte, behoort minstens eers skriftelik deur die kerkraad tot verantwoording opgeroep te word, en/of by wyse van kommissie-ondersoek en -rapport behoort vasgestel te word of so iemand hom willens en wetend van die kerk onttrek het. Maar ná onttrekking kan daar (volgens ds. Smuts se aanhaling op bladsy 30 van 1 Kor. 5:12-13) tog van geen verantwoordelikheid van die *kerkraad teenoor* sulke persone sprake wees nie soos hy wel op bladsy 36 aanvoer. Hoogstens kan daar dan nog sprake wees van verantwoordelikheid *ten opsigte* van sulke persone in soverre hulle nog vir die kerkraad bereikbaar en toeganklik is.

Mag die mooi werkie van ds. Smuts daartoe bydra dat alle predikante, kerkraadslede en lidmate wat die Gereformeerde erfenis lief het hulle meer en meer beywer om met die nodige kennis van die Gereformeerde Kerkreg toegerus te word vir die heerlike diens in die Kerk van die Here.

J. L. de Bruin.

---

II.

*L. FLOOR: IN DIESELFDE SPORE (Die Evangelis, 1964) (2)*

By die bespreking van die eerste twee hoofstukke oor die amp van sendeling en die gesuggereerde „amp" vir die helper van die sendeling, het die ander twee hoofstukke, naamlik *Die prediking in die eerste fase van die sendingwerk* en *Gemeenteopbou as tweede fase in die sendingwerk* nog agterweë gebly.

Hoofstuk III handel oor *Die Prediking in die Eerste fase van die Sendingwerk*. Dit staan buite kyf vas dat verkondiging van die Koninkryk en sy koms die sendingtaak is. Maar hoe moet die *inhoud* wees? Die antwoord word nie in missionêre ervaring nie, maar in die Bybel en veral in Handelinge gesoek. Daar lê alle nadruk op die koningskap van Christus en na sy Bloed word slegs in 20:28 verwys. Eers nadat mense die koningskap van Christus aanvaar het, word in die Sendbriewe uitvoerig oor die Bloed en die betekenis daarvan

gehandel. Ons moet dus onderskei tussen *stigtings-* (kêrugma-) en *stigtelike* (didaskalia-) prediking. Die eerste periode behels die oproep tot geloof. Na die doop volg die ontvouing van die Koninkryk. „In die midde van die sendingbevel staan die doop" (p. 54).

Vervolgens word vier duidelike motiewe in die stigtingspredikings ontleed wat deur die sendelinge van die Gereformeerde en Christelik Geref. Kerk verwerk is in 'n *Leidraad vir onderrig aan die doopklasgangers*. Die kategese en prediking moet op die sendingveld van dieselfde beginsels uitgaan. Die *kosmologiese* motief stel die heiden voor die skepping en ontmasker die heidendom as sonde teenoor die Skepper. Die *eskatologiese* motief sluit by die komende oordeel aan om die heidene te oortuig dat hy hom moet bekeer. Die *kuriologiese* motief wys op die Koninkryk en die eis tot geloof en bekering. Die *soteriologiese* motief verkondig Christus as Verlosser.

Die Bybel hou nie net vir die prediking nie, maar ook vir die prediker bepaalde eise voor. „Die arbeid op die sendingveld moet 'n arbeid in gemeenskap wees. Die gemeenskap tussen sendingarbeiders moet egter gewortel wees in 'n voortdurende gemeenskap met God" (p. 60).

Die vierde hoofstuk handel oor *Gemeenteopbou as tweede fase in die sendingwerk*. Die uiteindelike doel van sendingwerk is nie bekering van heidene nie, maar die vorming van 'n gemeente. Floor wys daar op dat juis in hierdie tyd van sekularisasie daar al meer belangstelling vir die wese van die kerk is. Van dié kerk praat die Bybel met beelde soos volk, liggaam, plant, gebou, tempel, ens. Die beelde teken die gemeente soms in *organiese* en soms in *institutêre* sin. In Ef. 2:21 deurbreek die organiese agter die anorganiese instituutbeeld (p. 61).

Die wyse van gemeenteopbou soek Floor in *viervoudige volharding:* volharding in die leer van die apostels; in die gemeenskap; in die breking van die brood; en in die gebede (p. 63). Dit vorm „vier kenmerke van die ware kerk", terwyl „die kerk van die Reformasie eintlik slegs twee van daardie vier belangrike sake in haar lewe beklemtoon" (p. 65). Gevolglik spits die na-Reformatoriese Kerke die aandag op nagmaal en kerkgang toe.

Dié kerke kom daarom nie by 'n „hegte gemeenskap in Bybelse betekenis van die woord" (koinonia teenoor sunousia) uit nie. Prediking en sielsorg moet dus nie afgestem word op troue kerkgang en nagmaalviering as wese ven kerk-wees nie. Floor bepleit gebedsbyeenkomste ook op ander dae as Sondag en in 'n ander vorm as waar net een persoon vir die gemeente voorgaan (p. 65 e.v.). Op voorbeeld van die oudste gemeentelike lewe en eredienste in 1 Kor. 12-14 vra hy aktiewe deelname van lidmate aan die „godsdiensoefening" (p. 66). Hy vra ook of die uitskakeling van spreek-geleenthede vir lidmate om dwaalleer te voorkom nie juis tot gevolg het dat dwaalleer tans nie meer ontmasker en dus ook nie meer deur die hele gemeente beoordeel kan word nie (p. 68).

Van die stof wat onder die viervoudige volharding behandel is, kon miskien beter in die eerste twee hoofstukke by kerk en amp

aangepas het. Die sogenaamde binne-gemeentelike opbouwerk deur die „sendeling en sy helpers", veral in verhouding tot die geïnstitueerde kerk, is nie vir my duidelik nie (vgl. p. 62).

Die belangrike beginsel van *selfopbou*, waar juis die gemeente subjek en objek in die opbou is, word aangeraak (p. 67). Hier word m.i. op belangrike beginsels gewys ten opsigte van nie-amptelike werk wat ons met vrug ten opsigte van die susters of jongmense se arbeid in die gemeente kan toepas. Sommige gaan m.i. verkeerdelik uit van die gedagte dat die kerkraad alle kerklike werk moet inisieer, organiseer en beheer i.p.v. om ook 'n oog te hê vir selfopbou waaroor die kerkraad net toesig hou. So sny Floor nuwe agenda aan vir die sendingwetenskap.

Die tweede afdeling in die hoofstuk oor *die gemeente en die sending* is m.i. minder oortuigend. Die opskrif laat 'n mens moontlik meer verwag as wat die skrywer wou gee (vgl. p. 68 e.v.). Floor sê dat dit eintlik „die gemeentes is wat deur die orgaan van die apostolaat werk op die sendingveld" (p. 70). Dit is tog darem 'n vraag of dit korrek is. Die apostolaat is eerder as die gemeentes en die eintlike outeur in die apostolaat is Christus. Hand 1:8 en 9:15 is tog temporeel, logies en andersins voor Hand. 2:41 en 13:3. Daarom kan ek ook nie saam met Floor sendeling met apostel vereenselwig nie. Die sendeling is m.i. orgaan van die gemeente en nie net van die apostolaat nie.

'n Sin soos „Eers gee Hy die mens 'n nuwe gees en daarna gee Hy sy Gees in sy binneste" (p. 71), d.w.s. die radikale skeiding tussen wedergeboorte en vervulling met die Heilige Gees, sal baie goed oorweeg moet word. Dit is interessant dat Lukas die missionêre prediking (kêrussein) onderskei van spontane evangelieverkondiging deur lidmate (evangelizestai en lalein ton logon theo, p. 73).

In die derde paragraaf word *twee motiewe in die stigtelike* prediking bespreek, „nl. die leer van die Heilige Gees en die koninkryk van God" ( p. 74). Dit is belangrik dat Floor wil uitgaan van die primêre band tussen Koninkryk (heerskappy en nie 'n Ryk nie) en gemeente (p. 75 e.v.). „Aan die een kant *produseer* die koninkryk van God die gemeente, maar andersyds *introduseer* die gemeente van Christus ook die koninkryk van God" (p. 76). „Die doel van die sendingwerk is gemeentestigting en die gemeente moet leer om sy taak te vervul in verband met die koms, die uitbreiding en die voleinding van die koninkryk van God" (p. 77).

Die laaste paragraaf handel oor *die plek van die vrou in die sendingwerk*. Op die sendingveld word die vrou vandag dikwels in dieselfde veragtelike posisie as die heidense en Joodse vrou van weleer aangetref. Sy is lasdier en arbeider. Net soos in die oudste sending is dit juis sy wat dikwels eerste deur die verkondiging van die evangelie tot geloof kom (p. 79) en neem sy 'n aandeel in die kerklike lewe. Die taak van die vrou in die sendingwerk en by die gemeenteopbou moet besien word in die lig dat die kerk die liggaam van Christus is (p. 79).

Floor gee vervolgens sy opvatting oor die gawes en ampte. Hy meen dat die apostel in verband met die Heilige Gees van *gawes*, in verband met Christus van *dienste* en in verband met God van *werkinge* praat (p. 80). Hoe pakkend dié gedagte ookal is en al word nuwe fasette benadruk, meen ons tog dat 'n oorvereenvoudigde definisie van „amp" die ampsbegrip laat vervaag. Gevolglik kan reglynig geargumenteer word dat God gawes aan die vroue gegee het en dat hulle dienste verrig het. Dus was daar 'n vroulike ampsdraer (p. 81) en 'n amp van die vrou in die N.T. (p. 82). Floor is egter oortuig dat vrouens nooit „deel van die raad van die oudstes uitgemaak het of dat hulle 'n leeramp beklee het nie" (p. 82). Hierdie probleem het die jongste ekumeniese sinode na studiedeputate verwys. Daaroor is die laaste woord nog nie gespreek nie.

Nietemin het Floor seker gelyk dat die vroue 'n taak het om aktief op verskillende terreine saam te werk en so „in die spore van die sendeling te wandel" (p. 82). Op die sendingveld beteken dit dat die vroue „hulle stel onder die sendeling en sy helpers en later onder opsig van die ouderlinge" (p. 83).

'n Mens kan met verskillende opmerkinge van Floor verskil of daaroor argumenteer. Niemand kan egter ontken dat hier uit die Bybel 'n antwoord gesoek word op situasies wat in die jong kerke voorkom nie. 'n Mens waardeer die vooruitgang wanneer Floor juis aandag vir die *amp* en die *gemeente* vra. Hierdie twee grondbeginsels het in kerkregtelike en sendingwetenskaplike besinning tot nog toe minder aandag as „kerkraad", „kerklike vergadering" en „kerkverband" geniet. Al voel 'n mens soms dat Skrifgegewens met 'n voorafingenome standpunt benader word, is dit belangrik dat Floor aantoon dat verskillende probleme rondom gemeente en amp uit die Bybel opgelos kan word.

Die studie as geheel is dus miskien eerder 'n probleemstelling as 'n oplossing. Dit is egter besonder waardevol vgl. slegs al die ses bladsye met aantekeninge en bronneverwysings. Aan die boekie is verder 'n skema vir vooronderrig aan kategumene en 'n motivering daarvan toegevoeg.

In hierdie werkie was Floor die sendeling, aan die woord. Ons is oortuig dat die teoloog Floor vandag al self duideliker sou kon antwoord op aspekte wat in die boekie aangeroer is. Ons wil „dominee" Floor bedank vir wat hy in 1964 gelewer het en weet dat die huidige „professor" Floor sal begryp dat ons kritiese bespreking ten beste bedoel is.

B. Spoelstra.